**STABILIS**

Grey Kollege Sekondêr · Bloemfontein · Grey College Secondary

JAARGANG / VOLUME 46 · NO 3

**Oktober / October 2012**

Beste skoolkoerant in Suid-Afrika in 2011 · Best school newspaper in South Africa in 2011



# Musikale skouspel skitter met 'Pizazz'

## Luisterryke Grey Musiekfees bied 'n sprankel-aand van fynproewer-items vir elke smaak

Bianca le Grange bedank die skoolkaptein, Burger Oosthuizen, vir 'n saamrygeleentheid. Foto: Verskaf

Die 2012 musiekfees sal om verskeie redes onthou word as een van die heel grootstes.

Eerstens is dit die afskeidsfees van mnr Johan Volsteedt, huidige skoolhoof en tweedens groet die skool mnr Johan Grobbelaar, buitemuurse koördineerder.

Daar was ook besondere kunstenaars by name Coenie de Villiers, Bianca le Grange en die internasionale groep Romanz as deel van vanjaar se fees.

Die visuele aspekte en beligting was wêreldklas, veral waar Bianca verskyn het in 'n verblindende vlamme-skouspel. Nog 'n indrukwekkende gesig was toe die skoolkaptein, Burger Oosthuizen, met 'n Mini Cooper vir Bianca op die verhoog afgelaai het.

Die dames in die voorste blok was bevoorreg om blomme van die matrieks te ontvang tydens die sing van die lied, *Blomme*.

Oudergewoonte was die massakoor en individuele items van verstommende gehalte en het die seuns se talente ten toon gestel.

Sonder getroue borge soos ENB en die Vrystaatse Kunstetrust, sowel as verskeie sub-borge, sou die sukses van die Grey Musiekfees in die weegskaal bly.

Die musiekdepartement, sowel as alle deelnemers, kan inderdaad trots wees.

**-Malan Bosman**

Nuus bl 4



Toerspan se Olimpiese besoek bou 'n leeftyd se herrinneringe

Diepte bl 7



Maanloper het ook op aarde diep spore vir die mensdom getrap

Journal page 9



Don't miss seeing these Marvel superheroes in action on screen

Sport page 10



Flag is still flying in spite of mixed results in difficult rugby year




Mr Price Sport is a proud supporter of Grey Rugby

## BLITSNUUS

### 'Civvie'-dag geld help Bartimea gestremdes

Grey-seuns het elkeen R10 betaal en 'civvies' gedra om sodoende deel uit te maak vir die Loslitdagprojek, wat landswyd op 7 September plaasgevind het. Die 'civvie'-dag by Grey word jaarliks aangepak ten bate van Bartimea.

Bartimea is 'n skool vir dowes en blindes en is finansieel baie afhanklik van instansies soos Grey Kollege. Loslitdag is dus elke jaar 'n belangrike gebeurtenis vir hulle. Grey het vanjaar 'n mooi bedrag van R11 400 ingesamel vir die projek - die meeste wat Grey nog ingesamel het. "Deel van die totale bedrag wat deur Bartimea vir Loslitdag ingesamel word, word aan die nasionale komitee oorbetaal. Hulle verdeel die geld weer landswyd tussen instansies vir gestremdes. Vanjaar is sonskermroom vir albinos, sokkerballe en tennisballe asook storieboeke gekoop," sê me Annalien Liebenberg, bestuurder van Bartimea.

Grey is al jare lank een van Bartimea se grootste ondersteuners. "Die geldinsameling was 'n groot sukses," is me Greyvenstein se slotsom.

**- Etienne Erasmus**

## IMPORTANT DATES

**18-20 Oktober:** Prefektekamp
**17-22 Oktober:** Absa tennistoernooi
**18-20 Oktober:** o/14 ITEC Waterpolotoernooi
**19 Oktober:** Droommyl atletiek
**22 Oktober:** Matriek eindeksamen
**3 November:** Grey Ladies Tea
**7 December:** School closes
**4-17 December:** Indomitus tour to Europe

# Gereed om leisels te neem

## Deon Scheepers keer terug na sy alma mater



Mnr Deon Scheepers (6de van links in 2de ry) het in 1984 vir die Cherries uitgedraf. **Foto: Argief**

Mnr Deon Scheepers neem in Januarie 2013 die leisels oor by mnr Johan Volsteedt, sedert 1993 Grey Kollege se "vaderfiguur". Mnr Scheepers het in Kroonstad grootgeword; sy verbintenis met Grey het 32 jaar gelede as graad 8-leerder begin. Hy was 'n koshuisleerder en in 1984 'n prefek in Murrayhuis. Hierdie gebalanseerde leerder het twee jaar vir die "Cherries" uitgedraf. Die samehorigheidsgevoel, kamaraderie onder die Grey-seuns en die vriendskappe gedurende dié tyd gesmee sal hom altyd bybly.

Na sy weermagopleiding in Pretoria behaal hy in 1990 'n B.A.-graad aan die Universiteit van Stellenbosch. In 1991 verwerf hy 'n hoër onderwysdiploma en in 1992 keer hy terug na sy alma mater as 'n onderwyser by Grey-kollege. Hy het ingewoon in Murrayhuis en was betrokke by sportafrigting. As deeltydse student aan die UV behaal hy in 1994 'n B.Ed-graad en in 1996, 'n M.Ed-graad, beide met lof. In 1998 aanvaar hy 'n pos by die privaatskool Michaelhouse in die Natalse Middellande, waar hy ook betrokke is by Grey-seuns wat na matriek 'n jaar by Michaelhouse kom doen. Sedert 2000 is hy verbonde aan Hilton College. In 2011 voltooi hy sy MBA-graad. Hy het 'n passie vir 'n moderne bestuursbenadering en moderne leierskapstyle.

Mnr Scheepers wil veral ook aandag gee aan die "klein dingetjies" wat Grey so spesiaal maak, bv. goeie maniere, trots vir die skooluniform en respek. Hy wil ook graag deur effektiewe kommunikasie die personeel verder saamsnoer as 'n span waar almal se opinies waardeer word. Hy is 'n voorstaander van Grey se tradisies, maar glo ook dat daar altyd objektief na tradisies gekyk moet kyk om te verseker dat tradisies opbouend is en bly. Hy is trots om die volgende skoolhoof van Grey Kollege te wees en sien dit as 'n uitdaging en 'n geleentheid om waarde toe te voeg aan hierdie spogskool.

**- Luan Nel**

# 'Ball'-komitee vir 2013 is vuur en vlam vir 'n nuwe jaar se funksies

Die eerste *ball* wat die nuwe komitee alleen moes reël was op Saterdag 18 Augustus, na die Paul Roos Gimnasium interskool.

Eduan Pienaar in graad 11 sê dat hy ten spyte van 'n seer lyf en koue weer die *ball* baie geniet het. Stephan Janse van Rensburg, lid van die ou komitee, voel dat die nuwe komitee hulself goed van hul taak gekwyt het.

Die nuwe komitee bestaan uit ses lede en word verkies deur die komitee van die vorige jaar, en elke lid het bepaalde verantwoordlikhede. Die nuwe komiteelede is voorsitter Julian Delicado, Reinhard Arndt - finansies, EW Viljoen - verversings, Franco Cirelli - dekor, Sachinta Galhenage - kaartjies en Pieter Fourie is verantwoordelik vir foto's.

"Ons finansies lyk goed na ons eerste *ball* en ons het 'n groot genoeg wins gemaak om volgende jaar uitstekende *balls* te kan hou," meen Reinhard Arndt. Die komitee wil nog nie veel uitlaat oor wat hul planne vir volgende jaar is nie. "Die seuns gaan maar moet wag en sien. Al wat ons kan sê is dat die komitee van 2013 onthou sal word as van die beste komitees nog,"aldus Julian Delicado. Me Corné Grobbelaar voel dat haar nuwe span net so goed soos die vorige een is en dat hul verskillende persoonlikhede kan bydra tot die unieke manier waarop hul dinge doen.

"Goeie tye, goeie kos en goeie vriende is waarvoor ons onthou sal word," woorde van E.W. Viljoen.

**- Luan Reynders**

Supporter of Grey College
FNB
First National Bank
Proudly South African

Coca-Cola Fortune (Pty) Ltd
Supports
Grey College
Sport
Coca-Cola Fortune
live on the Coke side of life
Coca-Cola

# Oud-Bok Joost fokus op die positiewe

Joost van der Westhuizen, voormalige Springbok skrumskakel en kaptein, het in September die Grey-seuns voor hul eksamen besoek. Alhoewel hy die seuns slegs vir 'n kort rukkie kon toespreek, het hy 'n baie sterk boodskap oorgedra.

Dit is nie die legende se eerste besoek aan Grey nie: hy was deel van die 1995-span wat die Wêreldbeker tydens 'n saalperiode by Grey vertoon het. André Venter, voormalige Springbok-flank en Adriaan Strauss, huidige Springbok-haker, was die keer saam met Van der Westhuizen by die skool.

Joost Heystek van der Westhuizen het op 6 November 1993 sy internasionale debuut gemaak teen Argentinië. Hy het 89 toetse vir Suid-Afrika gespeel waarin hy 38 drieë gedruk het. Na sy uittrede van professionele rugby het hy hom toegespits op sy sakebelange

Uit sy huwelik met sanger Amor Vittone is twee kinders gebore, en in 2011 is Joost van der Westhuizen met die rare motorneuronsiekte gediagnoseer.

Die legende praat weens die siekte baie moeilik en sleeptong en hy loop moeisaam. Sy toespraak in die saal was dus baie kort, maar hy het duidelik die boodskap oorgedra dat hy tog tot 'n mate bly is dat hy die siekte het. Hy het lewensinsigte gekry oor wie en wat hy is en en dit het hom geleer om weer die klein dingetjies in die lewe te waardeer.

"Joost is 'n voorbeeld en rolmodel vir elke seun. Hy wys dat 'n mens nooit moet gaan lê nie, maar moet opstaan vir dit waarin jy glo," meen gr 10 leerder Jan-Hendrik Büchner.



Oud-Bok Joost. **Foto: Frans-Hendrik Badenhorst**

Van der Westhuizen het die J9 Foundation begin wat ander mense met dieselfde motor-neuronsiekte wat hy het, bystaan. Die J staan vir Joost en die 9 vir die nommer wat al die jare op sy groen 'Boktrui was. André Venter is ook betrokke by die J9 Foundation. Mnr Barry Schutte sê dat Joost 'n lewende voorbeeld is dat vergifnis moontlik is en dat mens altyd 'n verskil kan maak.

Die kort saalperiode het die seuns tot nuwe insigte gebring."Lewe van dag tot dag, moet jou nie bekommer oor die verlede nie, want daaraan kan mens niks doen nie en onthou, 'n glimlag kos niks nie,"Joost se laaste waarheid aan die seuns.

**- Luan Reynders**

LATE NEWS

## Mandela Day: Always paying it forward

On 18 July 2012, Grey College, Hertz and Bloemfontein Celtic, in the spirit of Mandela Day, gave their 67 minutes -and more- to Bartimea School for the deaf and the blind. On the same day Mr. D.Scheepers, appointed principal for 2013 was welcomed during assembly.

Mandela Day is a day to honour the legacy of Nelson Rolihlahla Mandela and his values through volunteering and community service. According to the Mandela Day website the main objective of Mandela Day is to inspire individuals to take action to help change the world for the better and in doing so, to build a global movement for the good. Hertz gave each pupil from Bartimea a sweetie-pack and Celtics sponsored soccer and netball balls. Grey also annually pays at least one Bartimea pupil's school fees.

Messrs Scheepers and F. Mokoena, speakers at the assembly, respectively referred to the 10 000-hours-of-practice-theory which leads to perfection, and reminded the learners that everyone has the potential to not only change their lives but also the lives of others.

**- Faiq Fredericks**

# The 'Circle of Life' indicates the continuation of life's many phases

Storybook ending to twelve years is celebrated in elegant fashion



Adrian Nesculesco, Jodi Pestana, Marco van Roseveldt, Arlindo Fernandez, Tshepo Malope, Photis Kalpakiotis, André Langford and Cameron Francis at the matric farewell. **Photo: Hanno du Preez**

The matric farewell was, as always, the highlight of every grade 12 learner's school year.

The venue and 'Circle of Life' theme complimented the occasion. The lawn in front of Murray house was transformed by fairy light tunnels, proteas ware in abundance and a new concrete dance floor was poured also to be used for future functions.

Ms Cherie Fourie, chairperson of the grade 11 parents committee and her team of workers presented each learner with a hardcover book containing photographs of each learner, as a parting gift.

John-Henry Harris, 2008 school captain, was the guest speaker and suitably inspired the learners for their future.

Zaakir Wookey stated as follows, "It was everything I expected it to be; a glittering evening celebrated with good friends and a suitable ending to life at school."

The evening was illuminated by a surprise fireworks display.

**- Luan Reynders**

# 'Forty-days' is heelwat meer as net aftel tot die einde van die jaar toe

Die term *Forty days* is destyds deur troepe in die weermag gebruik om te wys dat daar net 40 dae van diensplig oor is. Die skool se tradisionele *Forty days* word gekenmerk deur feesvier, uitbundigheid en optimisme gedurende hulle laaste ses weke.

Cliff Richard het in 1961 'n liedjie geskryf oor sy persoonlike *Forty days* en dit is later aangeneem in ander samelewingsverbande soos skole en universiteite. *Forty days* is een van die hoogtepunte wat ons matrieks elke jaar vier - hulle tel natuurlik nie die naweke by nie.

Die dag begin met 'n saalperiode, waar die matrieks bedank word vir hul bydrae tot die jaar. Die matrieks gaan na die saalperiode na die Tuckshop se veld toe en braai. "As die matrieks dit reg hanteer en die braai wat ons aanbied geniet en waardeer, is dit opbouend. Die skool bedank met die braai die matrieks vir hul positiewe houdings jeens die jaar", meen mnr Johan Volsteedt.

Tussen periodes en gedurende pouses word daar op die matrieks se hemde boodskappe geskryf.

Verskeie leerlinge meen daar is niks fout met die gebruik nie en dit is die matrieks 'n aanduiding dat hulle skoolloopbaan na 'n einde se kant toe staan. Dus is *Forty days* is hier om te bly.

**- Johan Griessel**

## We must clean up our act and reclaim our pride

The school grounds of Grey College are polluted with every kind of chip packet and cool-drink bottle you can think of. This is an issue which concerns everyone, not only the cleaners.

Grey College, one of the best schools in the country, is faced with the unnecessary problem of litter. Litter is scattered all over the school, between the school buildings and on the sports fields. Learners, parents and teachers are disgusted with the appearance of the school and many people have found broken condoms in the old squash courts, bottles in the supports of the verandas, polystyrene food boxes, empty cool drink cans, squashed food and other types of rubbish all over the school.



Don't make your dirt the school's problem. **Photo: Hanno du Preez**

Mr Pierre Hugo said, "Grey boys should be proud of their school. It is a disgrace that the boys would even think about littering on the school grounds." It seems we are following the prevalent trend in the country of littering and polluting where we want to.

Curtis Smit, a grade 8 learner says: "I am saddened by and not proud of what my school grounds look like. I would like to see a change." Jaco van Loggerenberg, also in grade 8 said, "I feel that the school should place more dustbins and be a little stricter on littering." Many other learners expressed similar views and that it is the duty of all the boys to help keep the school clean, not only the grade 8s and the prefects - and particularly not only the cleaning staff.

If everyone would throw all chip packets and cool-drink bottles in the dustbins after they are done with it, the school would be cleaner, once again premises to be proud of. One of the sources suggested that the school should have a "clean-up day" where the whole school breaks up into groups and each group is responsible for cleaning and checking a certain section of the school.

**- Charl Theron**

POWERED BY
PVM
NUTRITIONAL SCIENCES®©

Inspired.
Motivated.
Involved.
Standard Bank

# Mind the gap - to uni and beyond

## Learners prefer to leap straight into studies after their matric year


Most learners are not interested in taking a gap year and would prefer to start studying immediately.


A survey was recently conducted among grade 12 learners of 2012 to determine which universities and career fields would be the most popular, as well as how soon after matric they would start studying. For reasons of accessibility the survey focused mostly on the English classes and a small number of Afrikaans learners, and a sample of 37 learners completed the survey.

Of the five most popular universities, the University of the Free State (UFS) had the highest tally, with Pretoria University (TUKS) coming second. The next three popular universities were Stellenbosch University, Potchefstroom University and the Central University of Technology. The career field most learners selected was in finance, followed by engineering and then medicine. Other career choices included sports, law, agriculture, psychology, education and theology.

It would be helpful in future to broaden the survey to include all the Afrikaans classes to ensure a more representative sample of the grade 12 learners, and in order to establish a broad-based indication of career option and universities.

**- Jedd Campbell**




## KORTNUUS

### Memorial Lecture Series and contests honour a great man




The ninth annual Beyers Naudé Memorial Lecture Series was recently hosted by the UFS. This anti-apartheid activist greatly influenced South African history. The lecture was towards 'Collaborative Partnerships for Social Cohesion: building a Nation with Ethics'.

An essay and poetry competition was held to highlight this theme, and consisted of four categories: high school poetry, high school essays, university poetry and university essays. There were prizes for the top three competitors for each category. First place for the high school poetry category was won by Jedd Campbell in grade 10.

**- Jedd Campbell**

# Grey vorm die sesde sirkel by vanjaar se Olimpiese spele in London

Toe die Olimpiese Spele op almal se lippe was en die koors hoog geloop het, het 17 Grey-atlete met 2 onderwysers, mnre Piet Viljoen en Wikus van Zyl, tydens dié tyd 'n atletiektoer na die Verenigde Koninkryk meegemaak

Op 7 Augustus 2012 het die groep vanaf O.R. Tambo lughawe via Doha na Londen gevlieg. Na twee vlugte en 'n totaal van 13 uur in transito, het hulle Londen bereik. Dit was 'n twee-weke toer en die span het hoofsaaklik in jeugkoshuise gebly.

Een van die hoogtepunte van die opwindende toer was die atletiek in die Olimpiese Stadion, waar wêreldklasatlete soos Usain Bolt, Oscar Pistorius, Yohan Blake en Caster Semenya in aksie was is. 'n Hoogtepunt was om eerstehands op 11 Augustus 2012 te aanskou hoe die Jamaikaanse mans 4x100m aflosspan die wêreldrekord verpletter en 'n nuwe rekord van 36.84 sekondes opstel.

Grey se atlete het self deelgeneem aan verskillende byeenkomste wat in Londen en in Newcastle gehou is.

Die besoek aan Londen was 'n hoogtepunt, en die besige stad se openbare vervoerstelsel het alle besoeke baie maklik gemaak. 'n Geskiedkundige besoek was dié aan Rugby in Warwickshire, 21km oos van Coventry. Die sport rugby het hier ontstaan. 'n Rugbyskool is in 1567 gestig en dit is vandag 'n privaatskool.

"Ek is oortuig daarvan dat die deelname van die Grey atletiekspan aan die verskillende byeenkomste 'n positiewe uitwerking op ons atletiek gaan hê," aldus mnr Van Zyl.

**- Ian de Villiers**



Grey-atletiekspan toer na VK. **Foto: Verskaf**





Hertz now offers preferential rates to everyone associated with Grey College.

Hertz travel advantages go a long way toward ensuring a carefree travel itinerary – whether on business or at leisure. Our reputation speaks for itself:

- World's largest car rental operation
- Prime airport and downtown locations in SA and abroad - over 7000 locations in over 140 countries
- Comprehensive up-to-date fleet, from luxury to runabout
- Door-to-door collection and delivery service
- 24-hour call centre for roadside assistance, information and emergencies
- Chauffeur drive service
- FlyDrive packages at highly competitive rates
- Hertz arranges specially adapted vehicles for physically challenged drivers, as well as baby car seats for our younger travellers

For your preferential Grey College rate go to **www.greycollege.co.za** and click on the Hertz logo or call **0861 600 136.**
Terms and conditions apply.

Hertz
#1 in car rental worldwide


# Grade 11 job shadowing - yay or nay for the future?

Job shadowing is an activity that has been practiced for many years in high schools all over the world, including at Grey College. This gives grade 11 learners the opportunity to spend a day or two in a working environment with a professional who is working in the learners' various career fields of interest.

The sole intention of the principal, mr Johan Volsteedt, and the school psychologist, ms Elsa Hattingh was to give grade 11 Grey College learners the opportunity to put these two days to good use. However, a number of students do not use this time for job shadowing, but as an opportunity to have the holiday extended by two days. Is this practice relevant in the age of information sources such as the Internet, where students can learn exactly what to expect without physically going to the working environment? Godfrey Seale, a grade 11 learner had the following to say, "The job shadowing is seen as a good initiative, although one or two days of work experience isn't enough to expose a learner to exactly what the career entails, in detail. It may enlighten a learner about what he could expect, but not fully. A positive factor about the job shadowing is that it gives sense of tangibility as you are able to go and physically experience the career."

Are these two days an utter waste of time? Are these two days being used for the right reasons or is this just an excuse for an extra two days of holiday? If used properly these two days can help to make the world a better place by making sure people are happy with their jobs, otherwise it is simply a massive waste of time.

**- Moeletsi Molemela**

# This is epitome of the year's success

## Festival showcases the rich source of musical talent at school's disposal



The music festival culminates in traditional 'Grey in Union'. Photo: Supplied

The theme of this year's music festival was 'Pizazz' and indeed, this event had exactly that.

The success was due to wonderful teamwork. Mr Johan Grobbelaar, ms Petro Muller, ms Celeste Venter, ms Joanie Prinsloo and mr Christo Janse van Rensburg outdid themselves. Ms Venter, organizer and graphic designer for the festival said: "This music festival was one of the most special ones ever." She also conducted mass choir items such as Circle of Life, Karoonag and the traditional Grey in Union. Ms Prinsloo, head of the music department feels "I now know what Grey College is capable of."

Stabilis spoke to some of the artists, and Coenie de Villiers said it is amazing to see boys perform so well in every field. "I was honoured to be here. One day they play rugby, and the next they perform with Romanz."

Bianca le Grange said she didn't know what to expect when she was invited to the music festival. "The assembly was definitely the highlight of the week; they have such pride in their school and its traditions.

Mr Volsteedt is a great inspiration to the boys, and the entire music department amazed me with their talent and professionalism. It was an honour for me to perform with the Grey boys."

"The music festival was a unique experience for me", stated Burgerd Botha of Romanz." The festival was extremely well-organized and the way in which they do things is very special."

**- Dianno Baatjies & Joseph Barreto**

## STACCATO

### Queen: die verhaal agter die roem




Welbekende album-omslag. Foto: Verskaf

Queen is n Britse rockgroep wat ontstaan het met die idee om 'n revolusie in die musiekwêreld te skep - en hierdie droom is verwesenlik.

Vier passievolle musikante, Freddie Mercury (hoofsanger, klavier), Brian May (hoofkitaar-speler), Roger Taylor (dromme) en John Deacon ( baskitaar), het in 1972 saamgekom om die 'band', Queen te stig. Taylor en May was reeds lede van die 'band' Smile. Mercury het hulle as 'n aanhanger gevolg en was gretig om sy idees oor nuwe style bekend te maak om Smile te verbeter. Nadat Deacon in 1972 bygekom het is Queen amptelik gestig.

Hulle eerste album, Queen, het goed verkoop in Brittanje, maar dit was eers na A Sheer Heart Attack en A Night at the Opera dat hulle internasionale aansien gekry het. Queen se styl wissel tussen ligte musiek en "Heavy Metal Rock." Teen die 1980s was Queen die grootste "Stadium Rock" groep ter wêreld. Bekende werke is Bohemian Rhapsody, A Kind of Magic, We will Rock You en We are the Champions.

Die groep het aangehou optree na Mercury se dood aan VIGS.

**- Louis Schoonwinkel**

## Passievolle violis handhaaf 'n goeie balans in alles

Paul Loeb van Zuilenburg is bekend as een van Grey se mees belowende musikante. Reeds 'n lid van 5 verskillende senior orkeste (waarvan 2 internasionaal is), behaal hy onlangs 149 uit 150 punte vir sy Graad 7 ABRSM vioolexamen; 'n skitterende prestasie.

Ander prestasies sluit ook toekennings as beste junior stryker by die Queensburgh, Pietermaritzburg en Vrystaatse kunswedstryde, onderkonsertmeester van die Vrystaat Jeugorkes en eerste viool in die Vrystaat Simfonie-orkes en die Festival Symphony Orchestra, in. Naas sy vioolspel, is Paul ook 'n begaafde baskitaarspeler en is 'n lid van die Odeion se Dixie Band en die Universiteit van die Vrystaat se 'Big Band'.

Beide sy ouers is gerespekteerde musici in hulle onderskeidelike sirkels. Paul beskou dit as 'n seën en 'n straf om van so 'n musikale agtergrond te kom, in die opsig dat hy musiek kan maak en 'n aangebore talent daarvoor het, maar ook moet hy hard oefen en soms dae deurbring in orkeste. Sy gunsteling werke sluit in Beethoven se 9de simfonie en vioolconcerto, Saint-Saëns se orrelsimfonie (3de simfonie) en Tchaikovsky se 4de simfonie.

Paul behaal ook goeie punte vir sy akademie maar vind dit soms moeilik om die twee te balanseer. Hy sê dat leerwerk en buitemuurse aktiwiteite hom dikwels oefentyd laat verloor, alhoewel hy intensief oefen voor konserte, kunswedstryde en eksamens.



Paul Loeb van Zuilenburg Foto: Hanno du Preez

Met die vrye tyd wat hy soms tot sy beskikking het, hou hy daarvan om musiek te skryf, muurbal te speel en tyd saam met familie en vriende te spandeer. Grafiese ontwerp is ook vir hom 'n belangstelling. Buiten klassieke musiek, luister hy graag na jazz, pop en progressiewe rock-musiek.

Paul se langtermyndoelstellings is om binne die volgende twee jaar sy solo-repertorium uit te brei asook om in jeugconcerto-feeste deel te neem. Hy wil ook vir beurse aansoek doen by verskeie konservatoriums en universiteite in Suid-Afrika en oorsee.

Grey se musiek-alumni sluit 'n aantal uiteenlopende individue in, van klassieke pianiste soos Charl du Plessis en Hans Potgieter tot die meer moderne aanslag van kitaarspelers soos Franco de Wet en Sean Bezuidenhout. Daar bestaan geen twyfel dat Paul Loeb van Zuilenburg hierdie volgende geslag musici sal voortbou nie.

**- Joshua Stevens**

COPY
SCAN
PRINT
FAX
ONE MACHINE
FOUR FUNCTIONS
Tel: 051 446 2440
KONICA MINOLTA
ITEC
e-mail: chris@itec-bloem.co.za
e-mail: andrev@itec-bloem.co.za




# Maak erekode jou riglyn

Wen. Wen. Wen. Ja, natuurlik is dit belangrik. Maar wen ons van die veld af ook?

Ja, as jy in Grey is, stap jy meestal as oorwinnaar van die sportveld af, maar hoe vaar ons in die lewe? Gaan ons ook eendag as oorwinnaars afstap? Of gaan ons bitterlik huil en op ons tande kners van selfverwyt as ons nie alles gegee het nie…


Ons as Grey het hierdie jaar egter so 'n klein bietjie gevoel hoe dit voel om te verloor en dit is baie sleg. En dit is maar net 'n korttermyn ding. Hoeveel erger is dit nie om in ewigheid met die gevolge te wees van die uitslag op aarde nie? Jou wedstryd op aarde is belangrik. Baie belangrik. Dis so eenvoudig: Gee alles wat jy het.

Op Grey se erekode is die riglyne vir 'n aardse oorwinning baie duidelik. Dit begin met respek. Respek vir gesag. Respek vir opponente. Respek vir jouself. Ons hoor dit so baie, dalk te veel, maar net soos ons hard oefen en sekere beginsels toepas, so is hierdie beginsels van kardinale belang. So kan ek voortgaan…

By hierdie dinge moet ons ook net egter een ding altyd onthou. En doen. Ons kan nie hierdie wedstryd speel sonder God nie. Net met Hom as afrigter kan ons wen. Maar jy moet kies. Dinge gaan nie net vanself gebeur nie. Die lewe werk so dat jy jou eie suksesse bepaal. Hoekom sal jy jouself dan doelbewus terughou?

Hiermee sê ek nie dat wen op die veld onbelangrik is nie. Glad nie. Ek sê maar net dat daar een oorwinning is wat ander ver oortref. As jy in die lewe wen sal sportoorwinnings van nature kom. Daarom moet ons ons eers op die ware oorwinning toespits. Hou jou fokus op dit wat uiteindelik die belangrikste is.

Ons almal neem deel aan hierdie wedstryd. Of jy nou wil of nie. Daar gaan ook eendag 'n uitslag wees. Of jy dit nou wil weet of nie. Speel dan hierdie wedstryd met álles wat in jou is, alles wat jy het want ons weet nie wanneer die eindfluitjie gaan blaas nie…







## High praise indeed from Paarl boys parent

I would like to commend your rugby coaches and staff for the wonderful sportsmanship displayed. We have seen many other schools play at the same level as Grey and Boys High but we have never seen the level of sportsmanship displayed. Our son played against the under u/16A side and he said that he experienced something he hasn't before. He had caught the ball, the whistle was blown and one of the Grey players was just about to tackle when the Grey captain of the u/16A team ran over and told his player to "just leave it, the whistle has blown." The player obliged instead of doing what is normally done by other schools which is to play even after the whistle is blown. We also saw an altercation prevented by one of the Grey boys.

Sincerely

***C.Snyman***

***(Paarl Boys High parent)***


## Redaksielys 2012 / 13

**KERNREDAKSIE**
**Hoofredakteur:** Pieterjan Eloff
**Subredakteur: Nuus**
Luan Reynders
**Subredakteur: Sport**
Jason Long
**Subredakteur: Diepte**
Daniël Steenkamp
**Subredakteur: Joernaal**
Reinhard Arndt
**Subredakteur: Kultuur**
Malan Bosman
**Hooffotograaf:** Hanno du Preez

**NUUSREDAKSIE**
Vuyani Ndzishe, Jedd Campbell, Ian de Villiers, Luan Nel, Johan Griesel, Etienne Erasmus, Charl Theron, Moeletsi Molemela

**SPORTREDAKSIE**
Armand Pretorius, Hugo Richter, Donovan Edeling, Gary Dykman, Kassel Rothmann, Julius Zerwick, Berno Maarsingh, Frans-Hendrik Badenhorst

**DIEPTEREDAKSIE**
Tshepa Seqebo, James Parsons, Keo Matshele, Matthew Barnard, Rohan Cloete, Albert Potgieter, Niel Bezuidenhout

**KULTUURREDAKSIE**
Joshua Stevens, Joseph Barreto, Louis Schoonwinkel

**JOERNAALREDAKSIE**
Naledi Mohapi, CF Marais

**KUNSTENAARS**
Darren LouwKent Campbell

**FOTOGRAWE**
Marchant Pienaar, Henry Galloway, Kempen Higgo, Johann Sonnekus, SJ Coetzee, Frans-Hendrik Badenhorst (vryskut)


# Grey legende groet binnekort

## Mnr Johan Grobbelaar neem swaar afskeid na jare as sportorganiseerder




Oom Grobbies en Pieterjan Eloff geniet Six Cokes by die Tuckshop. **Foto: Hanno du Preez**

*Vertel vir ons een van Meneer se snaaksste oomblikke op Grey.*

Ek was verantwoordelik vir die afrigting van die eerste rugbyspan. Die bymekaarkomplek op Vrydae voor 'n wedstryd was in die Grey Gym waar ek LO gegee het. Die voorspelers het 'n skrum gevorm teen die swart skermmuur en toe ek weer kyk het die manne die muur omgeskrum. Toe moes ek dit vir die skoolhoof gaan verduidelik, wat dit komies gevind het.

*Wat sou Meneer se is die wenresep vir die lewe?*

Wees altyd nederig teenoor jou medemens en altyd behulpsaam tot dit waartoe jy in staat is. Glo en vertrou altyd op jou Skepper.

*Wie was vir Meneer die merkwaardigste Grey-legende?*

Personeel soos Chris Marais, wat altyd bereid was om te help. Dan is daar Stonie Steenkamp en Lappies Labushagné wat baie diep spore getrap het. En dan Hansie Cronjé. Hy was een van die groot legendes in Grey Kollege se bestaan.

*Wat sal Meneer altyd van Grey onthou?*

Die tradisies van die skool wat bydra tot die gebalanseerde mens wat Grey die samelewing instuur. "When the occasion demands it, the Grey boy always comes up to scratch."

*Wat hou die toekoms vir Meneer in?*

Die feit dat ek uitsien om oupa te word, wil ek 'n bietjie afskaal deur my naweke te geniet, en ons mooi land te verken.

*Wat sou mnr graag vir Grey wou sê?*

Wees altyd Grey gentlemen en die wêreld kyk op na julle.

**- Pieterjan Eloff**

## Gym is equipped for almost any conditioning need

It is well-known that Grey has a fully equipped gymnasium on the premises with full access to all boys. This has helped the school to maintain a high level of sporting excellence.

The question that has been asked is whether Grey's gym is suited for all conditioning needs. When asked about this Mr Chris Steyn, one of fully-trained staff said, "Training and conditioning has evolved over the last couple of years, focusing on keeping players/boys injury-free and physically fit."

When asked if he would like to see any changes in the Gym Lamond Bouwer, a grade ten pupil, said, "There is not a lot I would change because the Gym is well-equipped"

The Gym is well-staffed with 4 permanent and well-trained fitness instructors, a physio and a biokineticist. Many teams have made use of the Gym, including the Cardiff Blues, Blue Bulls and the Free State Craven Week side. The Gym has made many improvements and changes over the past few years including the addition of new equipment, staff and even the construction of the second floor.

When asked if he would change anything about the Gym mr Steyn said, "I would like to encourage more boys to make use of the Gym for conditioning for their specific sport so that they can perform at the highest level. I believe the Gym has changed and improved to accommodate all pupils"

**- James Parsons**

# Ruimte-ikoon stap uit klein dorpie om eerste tree op die maan te gee

### Hele wêreld in rou toe Niel Armstrong sterf na komplikasies met operasie




Die dag van 25 Augustus 2012 was 'n droewige dag vir mense regoor die wêreld toe Neil Armstrong, die eerste man om voet op die maan te sit, gesterf het.

Neil Armstrong het op die ouderdom van 82 jaar gesterf a.g.v. komplikasies na 'n hartomleiding wat hy 'n paar weke vroeër ondergaan het. Sy as is op 14 September gestrooi in die Atlantiese Oseaan tydens 'n privaatseremonie op 'n Amerikaanse oorlogskip.

Ten spyte van moeilike kinderdae in die klein dorpie van Wapakoneta tydens die 2de Wêreldoorlog, het hy nie toegelaat dat sy omstandighede hom weerhou van sy passie vir die onbekende buiteruim nie. Nadat hy sy vliegsertifikaat op 16-jarige ouderdom verwerf het, is hy nog meer geïnspireer deur lugvaartkunde en het na skool presies hierdie studierigting gaan studeer. Hy het egter net 3 jaar studeer voordat hy by die Amerikaanse Weermag moes aansluit om diensplig te doen.

Hy het besonder baie vir sy land beteken deur in die vloot en lugmag te veg tydens die Koreaanse Oorlog, verskeie toetsvlugte vir NASA te beman en dan die mees bekende van al sy dade: die eerste tree te neem op die maan op 20 Julie 1969.

Volgens mnr. Lourens van der Merwe (wetenskap-onderwyser) was Neil Armstrong die uitvoerder van die planne. "Hy het niks nuuts uitgedink nie, maar hy was die eerste man wat bereid was om na die maan te gaan en daarvoor benodig mens 'guts'," het mnr. Van der Merwe gesê. Neil Armstrong self het in vele onderhoude nederig eer toegeken aan sy span, onder andere die tegniese ondersteuningspan op die aarde.

Neil Armstrong het 'n belangrike erfenis agtergelaat vir mense om na te streef. Mnr. Johan Volsteedt (skoolhoof), sê: "Neil Armstrong se nederigheid, menslikheid en besef van hoe klein 'n mens in die skepping is, is 'n les vir ons almal."

Neil Armstrong was die perfekte voorbeeld van 'n man wat roem verwerf het, en steeds nederig kon bly. Hy het op die aarde geloop, en mense het hom onthou. Hy het op die maan geloop en mense gaan hom nooit vergeet nie.

**- Niel Bezuidenhout**

# Londen-spele sorg vir puik prestasies

Die hoogtepunt van die 2012 sportkalender was definitief die Olimpiese en Paralimpiese Spele in Londen. Londen was ook die gasheer van die moderne Olimpiese Spele van 1908 en 1948.

Dit is voorwaar die grootste sportgebeurtenis in die wêreld aangesien 205 lande deelgeneem het aan die Olimpiese Spele en 147 lande aan die Paralimpiese Spele. Die Olimpiese Spele bestaan uit 26 verskillende sportdissiplines wat by 28 sport-arenas plaasgevind het. Die Paralimpiese Spele bestaan self uit 20 dissiplines. Die leuse van die 2012 Spele: "Inspire a generation" het ook ons Suid-Afrikaanse span gemotiveer deur dat dit ons mees suksesvolle spele ooit was. Ons het die algehele 23ste plek ingeneem.



Grafika: Rohan Cloete

